**Steinhoff: 10 feite oor Valke se ondersoek**

Is dit aanvaarbaar dat Steinhoff R30 miljoen opdok vir die Valke se ondersoek na die boekhou-bedrog wat by dié firma gepleeg is? Die nasionale vervolgingsgesag (NVG) sê ja, en dit is nie ’n belangebotsing dat die ouditfirma PwC met die strafregtelike ondersoek help nie. Nellie Brand-Jonker lig tien belangrike punte uit in ’n verklaring deur die NVG.
Die rede vir die vrae oor die belangebotsing is omdat PwC ook Steinhoff se forensiese ondersoek na die ongerymdhede met sy boeke uitgevoer het sedert einde 2017 toe hy nie sy geouditeerde jaarstate kon uitreik nie omdat ’n verdere ondersoek nodig was.
Die NVG het Woensdag in ’n verklaring puntsgewys verduidelik hoekom PwC aangestel is om die forensiese ondersoek oor Steinhoff uit te voer.

**1. Geen geld ontvang**
Die NVG het self geen geld van Steinhoff ontvang nie.

**2. Polisie besluit**
Hoe die forensiese ondersoek gefinansier word, val binne die domein van die Suid-Afrikaans Polisiediens.
“Hul besluit om Steinhoff se aanbod te aanvaar om te betaal vir die forensiese ondersoek na die saak, is onder meer daarop gegrond dat die maatskappy in werklikheid die klaer in die saak is, hoewel hy in die media as ’n verdagte beskou word.”

**3. Steinhoff is die klaer**
Die bewerings is dat senior amptenare van die Steinhoff-groep en eksterne partye in verskillende internasionale jurisdiksies – wat voorgehou is as onafhanklik van die maatskappy – saamgespan het om fiktiewe transaksies te skep en in sy finansiële opgawes te verwerk ten einde inkomste te oordryf.

**4. Saak aangemeld**
Ná die skielike bedanking in Desember 2017 van Markus Jooste, Steinhoff se destydse uitvoerende hoof, het die maatskappy PwC aangestel om die volle omvang van die vermeende boekhou-onreëlmatighede of moontlike wanvoorstellings met betrekking tot die finansiële state van die maatskappy te ondersoek.
Die aangeleentheid is ook aan die direktoraat vir prioriteitsmisdaadondersoeke (DPCI) gerapporteer ingevolge art. 34 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite (Precca).
Jooste het verlede week een van vier mense geword wat in Duitsland van handelsmisdade aangekla is.



**5. Aanvaarde praktyk**
Volgens die NVG is dit plaaslik en internasionaal ’n aanvaarde praktyk dat ’n onderneming wat ’n klaer is, opdrag gee vir forensiese ondersoeke en die NVG kan dan die bevindings op toepaslike wyse gebruik om vir enige moontlike vervolging voor te berei.
“Dis belangrik om daarop te let dat dit in die praktyk nie onreëlmatig of ongewoon is dat ’n klaer ’n geregtelike ondersoek na die onderneming se geldsake laat uitvoer en dat dieselfde forensiese verslag later met sukses in die strafverhoor gebruik word nie.”
Volgens die NVG is vir dié praktyk voorsiening gemaak in riglyne wat deur sy eenheid vir gespesialiseerde handelsmisdaad en die DPCI se handelsmisdaadafdeling ontwikkel is, en wat al gedurende 2013 deur die destydse hoofde van die onderskeie eenhede onderteken is.
“Die riglyne maak voorsiening vir die aanstelling van forensiese rekenmeesters sonder enige koste vir die polisie.”

**6. Verslag nie genoeg**
Dit het PwC byna twee jaar geneem om die verslag af te handel, waarna Steinhoff die DPCI en die NVG toegang tot die verslag verleen het. Dit was baie duidelik dat die verslag ’n boekhou-gedrewe verslag is en nie ’n verslag wat hoofsaaklik op misdadigheid en die strafhofproses fokus nie.

**7. Een transaksie te klein**
Hoewel PwC wel ook ’n aparte forensiese verslag (wat behoorlike hofklaar is) afgehandel het wat volledig oor een fiktiewe transaksie binne een been van die ondersoek handel, is dit net ’n klein gedeelte van die fiktiewe transaksies.

Die transaksie het getoon dat die bedryfsinkomste van die maatskappy vir die boekjaar tot einde September 2016 met R376,6 miljoen oordryf is deur ’n fiktiewe inkomste vir dié boekjaar aan te teken.

**8. Besluit ondersteun**
Die vervolgingspan ondersteun die DPCI se aanstelling van PwC om ’n behoorlike verslag op te stel om die volgende redes:
* PwC het beduidende kennis opgebou oor die Steinhoff-saak in die twee jaar wat hy direk deur die groep gekontrakteer is om die boekhou-onreëlmatighede te ondersoek, voordat die strafregtelike ondersoek oor die aangeleentheid begin is.

* PwC het daarom diepgaande kennis van die ingewikkelde modus operandi wat deur die verdagtes toegepas is om die beweerde misdrywe te begaan en van die ingewikkelde feite van hierdie ondersoek.

* PwC was in ’n ideale posisie om binne ’n redelike tyd ’n forensiese ouditverslag op te stel vir die doelwit van ’n strafregtelike ondersoek en vervolging, ongeag dat dit as ’n konflik beskou kan word.



**9. Nadele as PwC nie aangestel word nie**
Die nadele indien PwC nie aangestel sou word nie, sou insluit:

* Die forensiese ondersoek na komplekse aangeleentheid sal vir alle praktiese doeleindes nuut deur ’n nuwe forensiese firma moes begin. Dit sou jare duur voordat die nuwe forensiese firma alle relevante dokumente bekom het en vertroud is met die feite.

* ’n Groot aantal dokumente sou deel wees van die nuwe forensiese ondersoek. Al die dokumente was egter reeds in die besit en onder beheer van PwC. Dit sou dus omslagtig wees om al die nodige dokumente vir ’n nuut aangestelde forensiese firma aan te skaf.

* Die ondersoek blyk baie ingewikkeld en duur te wees en strek oor grense heen in verskillende internasionale jurisdiksies.

**10. Belangebotsing bestuur**
Met die oog op die behoorlike bestuur van die waargenome belangebotsing met die aanstelling van PwC het die NVG die volgende maatreëls ingestel:

* PwC het ’n sertifikaat onderteken ingevolge art. 4 van die Wet op die Beskerming van Inligting. Dit bied beskerming teen onwettige openbaarmaking van vertroulike inligting en dokumentasie tydens die forensiese ondersoek.

* Al die geïmpliseerde persone is uit Steinhoff verwyder, insluitend uit die direksies en uitvoerende bestuur.

* PwC se bevindings word ondersteun deur onafhanklike objektiewe bewyse soos bankstate, joernale, grootboeke, databasisse, e-posse, memorandums en kontraktuele ooreenkomste.

* PwC het onderneem om geen getuienis wat gedurende die strafregtelike ondersoek verkry is, aan Steinhoff bekend te maak nie, selfs nie vir die doeleindes van siviele gedinge nie.

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/steinhoff-10-feite-oor-valke-se-ondersoek-20210310

SQUIDEYE

